# Pierneef Gemeente

# Die Boodskapper

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00 **Tel:** 012 333 4273 **Sel:** 072 137 4407 **Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)

**Gemeente-sekretaris:** Steve Swart (072 137 4407)

**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## Neem asb. Kennis:

Oggend eredienste vir 22 en 29 Maart en 5 April word afgestel.
Al drie hierdie preekboodskappe sal wel opgeneem word en die skakel sal digitaal beskikbaar gemaak word via die volgende wyses:

a. 'n Gemeentelike WhatsApp-groep (adminbeheerd) wat spesifiek vir hierdie doel aangewend sal word. Stuur asb jou naam en telefoonnommer aan 0768411568, daar sal 'n "link" vir jou aangestuur word. Om by die groep aan te sluit, "click" net op die "link".
b. E-posse. Indien jy die preke per e-pos wil ontvang, stuur asb jou e-posadres en naam na die bogenoemde nommer.
c. Facebook (ons profiel is "Pierneef Gemeente", sluit gerus aan).

## Ondersteuning van Leraar

Die leraar is steeds op haar selfoon beskikbaar gedurende die "total lock-down" periode. Pastoraat en ondersteuning word steeds verleen. Tegnologie soos WhatsApp video oproepe, Skype of selfs net 'n telefoonoproep kan met groot vrug gebruik word.

## Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

## Verjaardae die week:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8/3 | Me | Nedene | Greyvenstein | 076-142 8129 |
| 8/3 | Mnr | Org | Theunissen | 083-407 1291 |
| **10/3** | **Mnr** | **Sakkie** | **Buys** | **082-561 2361** |
| 10/3 | Mnr | Roche | Grebe | 082-928 5501 |
| 14/3 | Me | Christa | Lombard | 072-181 8167 |
| 14/3 | | Bea-Ann | Van der Walt | 083-640 7223 |

## Advertensies




Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.



## Gebedsbediening

**1 Tessalonisense 5:11 "Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen".**

1. Bid vir die kerk van Jesus Christus. Bid vir eensgesindheid en verdraagsaamheid onder mekaar.

2. Bid asb. teen die verspreiding van die COVID-19 virus.

3. Bid ook vir elke mens in Suid-Afrika vir kalmte en wysheid, maar veral ook vir almal wat in leiersposisies is en besluite moet neem in hierdie uitdagende tyd.

4. Bid vir elke Christen in Suid-Afrika om veral nou die liefde en vrede van Jesus uit te leef.

5. Mauritz Visagie wat tans chemo kry (072-152 1224).

6. Lindie Le Roux wat Chemo kry. (012 333 8373).

7. Bid vir ons gesinne. Bid vir die verhoudings tussen die ouers en ook hul verhouding met hul kinders.

8. Bid teen die geweld in ons land. Bid vir vrede tussen alle kultuurgroepe. Bid ook vir hulle wat wet en orde moet handhaaf.

9. Dra ons gemeente se finansies aan die Here op. Bid vir ons gemeentebestuur wat ons gemeente se inkomstes en uitgawes bestuur.

10. Kom ons vra dat God ons sal help om die nood van mense rondom ons sal raak sien en om ons toe te rus om op praktiese maniere na hul om te sien.

KAN ONS VIR JOU BID? Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

## Mediteer terwyl ons afgesonder is...

Jesus het gesê: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"
*Stil nadenke.*
Jesus het gesê: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
*Stil nadenke.*
Jesus het vir sy moeder gesê: "Daar is u Seun." Daarna sê hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder."
*Stil nadenke.*
Jesus het hard uitgeroep: "Eli, Eli, lema sabagtani?" dit is: My God, my God waarom het U My verlaat?
*Stil nadenke.*
Hierna het Jesus gesê: "Ek is dors."
*Stil nadenke.*
Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"
*Stil nadenke.*
Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor."
*Stil nadenke.*
**Stille Meditasie:**(Asem in) Kom na My toe (hou asem) almal wat vermoeid en belas is (Asem uit) Ek sal jou rus gee....

**Omgeegroepe/Huisgodsdiens**

# *Groot Lydensweek-meditasies*

*Vir gebruik ter voorbereiding van Paasnaweek*

*Groot Lydensweek is die laaste voorbereiding om Paasfees – die belangrikste Christelike fees – te vier. Dit kan gesien word as 'n pelgrimstog saam met Jesus in die laaste dae voor sy dood. Die doel van hierdie meditasies is om ons te help om na te dink oor hoe belangrik en noodsaaklik die Paasgebeure vir ons persoonlik, maar ook vir die hele skepping is. Dit is ons sonde, die gevolge daarvan vir onsself, ander en die skepping, en ons behoefte aan verlossing wat afwagting skep vir dit wat kom – Christus se kruisdood en opstanding.*

## *Vir elke dag*

### *Tuiskom in God se Teenwoordigheid*

- Begin deur 'n rustige ruimte te vind waar jy vir 'n paar minute in stilte by God kan wees.
- Maak jou oë toe en haal 'n paar keer stadig en diep asem.
- Word bewus van alles wat jou sintuie ervaar: Wat hoor jy? Wat ruik jy? Wat voel jy?
- Bid die gebed: "God is hier. Ek is hier. Ons is hier saam".

### *Uitstuurgebed vir die Dag*

*4Dit is my Heer, die HERE, wat aan my 'n vaardige tong gegee het, sodat ek kan weet hoe om vermoeides met 'n boodskap op te beur. Elke oggend maak Hy my wakker; Hy wek my oor om soos leerlinge te luister.*
*5My Heer, die HERE, het my ore oopgemaak. en ek, ja, ek was nie opstandig nie; teruggedeins het ek nie.*
*7Dit is my Heer, die HERE, wat my te hulp kom; daarom voel ek nie verneder nie; daarom het ek my gesig soos vuurklip gemaak.*
*Ek het geweet dat ek nie beskaamd sou staan nie. 9Kyk, my Heer, die HERE, kom my te hulp.*
*Wie is dit wat my skuldig sal verklaar?* -Jesaja 50:4, 5, 7, 9 uit die Direkte Vertaling.

## *Maandag*

**Tuiskom in God se Teenwoordigheid**

**Lees** Psalm 36:6-8

**Stap saam met Jesus**

**Lees** Johannes 12:1-11

**Meditasie-vraag** Waar in die wêreld ervaar jy is God se reg en regspraak (en nie die mens s'n nie) nodig vir mens of dier? Bid vir hierdie situasie(s) tot God.

**Uitstuurgebed vir die Dag**

## *Dinsdag*

**Tuiskom in God se Teenwoordigheid**

**Lees** Psalm 71:1-8

**Stap saam met Jesus**

**Lees** Johannes 12:20-36

**Meditasie-vraag** Dien al jou keuses en jou hele lewe vir Jesus? Vra die Heilige Gees om vir jou uit te wys as jy dalk besig is om ander dinge in jou lewe te dien. Laat dit sterf soos die koringkorrel waarvan Jesus praat.

**Uitstuurgebed vir die Dag**

## *Woensdag*

**Tuiskom in God se Teenwoordigheid**

**Lees** Psalm 70

**Stap saam met Jesus**

**Lees** Johannes 13:21-32

**Meditasie-vraag** Vra God se Gees om vir jou uit te wys waar jy dalk nog God in jou daaglikse lewe verraai en bely hierdie verraad voor die Here.

**Uitstuurgebed vir die Dag**

## *Donderdag*

**Tuiskom in God se Teenwoordigheid**

**Lees** Psalm 116:1-2, 12-19

**Stap saam met Jesus**

**Lees** Johannes 13:1-17; 31-35

**Meditasie-vraag** Hoe leef jy reeds God se liefde teenoor ander uit? Vra die Gees om vir jou te wys waar in jou lewe jy nog meer in God se liefde kan groei.

**Uitstuurgebed vir die Dag**




Wees kreatief met jou aftyd! (Ook iets lekker vir kinders om te doen).

- Tel klippies in die tuin op, verf woorde waarvoor jy dankbaar is op hulle.
- Maak "gesprekshartjies" met karton/papier wat julle versier. Plak dit op die muur/yskas. Kies elke dag 'n paar om oor te gesels.



**Indien daar iets is waarmee ons kan help, of jy enige vrae het, voel vry om die Kerkkantoor, die Predikant of jou Kerkraadslid te kontak!**

## Wyke se Kerkraadslede

| Wyk | Strate / gebied | Kerkraadslid | Kerkraadslid addres | Kontakinligting |
|---|---|---|---|---|
| A | - 18de Laan<br>'- 19de Laan<br>'- Talanastr<br>'- Mombergstr<br>'- Kerkenbergstr | Frikkie Wentzel | 19de Laan 324 | 083-294 9505<br>frikkie.wentzel@gmail.com |
| B | - 20ste Laan<br>'- 21ste Laan<br>'- Ben v Tonderstr<br>'- Antoinettestr | André du Plessis | 20ste Laan 274 | 082-974 9559<br>stoffiedup@hotmail.com |
| C | - 22ste Laan<br>'- 23ste Laan<br>'- Pierneef systr<br>'- Odestr | Herman Botha | 22ste Laan 365 | 082-566 7307<br>herman.botha@bmw.co.za |
| D | - 24ste Laan | Hugo van den Heever | 19de Laan 394 | 079-492 3028<br>hugoh911@gmail.com |
| E | - 25ste Laan<br>'- 26ste Laan | Cliff Thompson | 24ste Laan 290 | 083-944 6125<br>jaspercliff.thompson@gmail.com |
| F | - 27ste Laan<br>'- 28ste Laan | Elmarie de la Rey | 27ste Laan 318 | 082-447 1607<br>elmariedelarey@gmail.com |
| G | - 29ste Laan<br>'- 30ste Laan<br>'- 31ste Laan<br>'- 32ste Laan<br>'- 33ste Laan<br>'- 34ste Laan<br>'- Heckroodtstr | Phillip Koekemoer | 33ste Laan 558 | 073-222 9875<br>phillip.koekemoer44@gmail.com |
| H | Queenswood & Colbyn | Ronnie Wolhuter | 28ste Laan 345 | 082-873 1828<br>rawolhuter@gmail.com |
| I | Kilnerpark & alle woonbuurtes ver van NG Pierneef: Sinoville, Montana, Faerie Glen, Meyerspark, Claremont, Arcadia, Skanskop, Rooihuiskraal, Highveld | Calla Bezuidenhout | Montana | 082-455 2976<br>callabezuidenhout@vodamail.co.za |
| J | Villieria (noord van die spoorlyn), Moregloed, Waverley | Johan Meyer | 21ste Laan 332 | 082-884 0532<br>johangmeyer75@gmail.com |
| K | Deernis, Riviera, Rietondale, Rietfontein, Gezina, Capital Park, Wonderboom-Suid, Les Marais, Eloffsdal | Willie Snyman | Mineraalstr 1074 | 082-459 6106<br>zelde.snyman@yahoo.com |

### Raak gerus betrokke!

**Hier is die kontakbesonderhede van die persone wat jou kan help met jou vrae, of om deel te word by ons Gemeente-aktiwiteite.**

***Pierneef-Groen:* Groentetuin:** *ds Paullet (076 841 1568) ofThea (082 561 8245)* ***Herwinning:*** *Steve: 072 137 4407*

***Omgeegroepe*: Bybelstudie** *(Woensdae om 9:30 in die konsistorie)* **Bybelskool** *(Woensdae om 18:30 in die konsistorie)* **Kleingroep** *(Donderdae om 18:30)- ds Paullet (076 841 1568)* ***Huis/Hospitaalbesoek:*** *ds Paullet (076 841 1568)*

***Belangegroep:* Martmarias :** *Natie (083 527 9613)* ***Boekeleen:*** *ds Paullet (076 841 1568)*

***Vrouediens:*** *Sandra (061 930 6540), Esme (082 297 0654) of Zelde (072 397 9553)*

***Erediensbediening:* Musiekbediening:** *Angelique (074 766 7049)* ***Blomme en Liturgieseruimte:*** *Yvonne (084 433 3921)* ***Multimedaia:*** *Paul (084 632 4364)*

***Jeugbediening:*** *Sandra (061 930 6540),*

***Barmhartigheid en Sending:* Louis Botha Kinderhuis:** *Sandra (061 930 6540)* ***Dorkas se Kombuis:*** *Marlie (082 331 0591)* ***Motorwagte-uitreik:*** *Calla (082 455 2976)*